Publication: Sake (Rapport Kaap)
Date: Sunday, August 27, 2017
Page: 1

# ‘Stel 2de testament vir buitelandse beleggings op’

**Nico van Gijsen**

Suid-Afrikaners met buitelandse bates of beleggings behoort ’n tweede testament daarvoor op te stel, sê Oliver Phipps, ’n oorgrens-boedelbeplanningspesialis van Brittanje.

’n Afsonderlike testament kan nodig wees omdat die regsvereistes in ander lande van Suid-Afrika s’n kan verskil, het hy op die jaarlikse kongres van die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa) gesê.

Al hoe meer Suid-Afrikaners belê in buitelandse aandele of eiendom om hul risiko te beperk deur bateverspreiding in meer as een ekonomie. Daarby is familielede meer dikwels oor die wêreld heen versprei.

“As die enigste buitelandse belegging byvoorbeeld ’n buitelandse bankrekening is, kan ’n enkele wêreldwye testament voldoende wees om daardie bate te hanteer,” sê Phipps.

“As jy byvoorbeeld ’n bankrekening in Switserland, Luxemburg en die VSA het, kan dit beter wees om net ’n enkele wêreldwye testament te hou.”

Vir Suid-Afrikaners wat ’n groot aandeleportefeulje op byvoorbeeld die eiland Jersey besit, verskil die situasie aansienlik. In dié geval sal ’n tweede testament wat net oor dié aandele handel, die voordeel bied dat die eksekuteur gouer toegang tot die portefeulje sal kry.

**Die regsvereistes in ander lande kan van Suid-Afrika s’n verskil.**

Wat buitelandse eiendom (grond) betref, is ’n tweede testament wat spesifiek daardie bate hanteer, byna altyd ’n beter keuse, sê Phipps.

Hy maan dat onvoldoende boedel- en belastingbeplanning erge nadelige gevolge vir ’n mens se buitelandse beleggings kan inhou.

’n Verdere kwessie wat uitgelig is deur Gordon Stuart, ’n fidusiêre spesialis in Mauritius, is dat Suid-Afrikaners wye testeervryheid het, wat beteken ’n mens kan jou bates bemaak aan wie jy wil.

“In baie lande, soos in Europa en Mauritius, geld hierdie testeervryheid nie,” sê hy.

“Erfopvolging is dus beperk en jou bates in daardie lande kan by jou dood by ander persone beland as dié wat jy dalk wou bevoordeel.”

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.